

Woensdag 9 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16

### Ons Here is Almagtig

**M**et hierdie brief sluit die Here sy genadeboodskappe, vermanings en Moordeel oor sy kerk af. Elke brief het iets van wat in die heilige, algemene kerk van die Here gebeur, toegelig. Daarom is dit baie belangrik om daaraan aandag te gee hoe die Here Jesus Homself in hierdie laaste brief bekendstel.

Hy is die Amen. Amen beteken: waar, beslis, verseker, definitief. Daarmee kwalifiseer die Here dat Hy alle waarheid is. In sy Wese bestaan net absolute reg. Hy maak geen foute nie. Hy is die Getuie.

Dit weet Johannes goed, want hy het die getuienis van Jesus tydens sy aardse lewe al gesien en gehoor. Hy was een van die twee wat in die leë graf ingegaan en gesien het dat Jesus opgestaan het uit die dood. Daarom het die bekendstelling as getuie twee kwalifikasies wat bygevoeg word, naamlik getrou en waaragtig. Die Here is in sy getuienis getrou en waaragtig, omdat Hy in sy wese getrou en waaragtig is.

Saam met die openbaring dat die Here 'n getroue Getuie is, verwys die Here daarna dat Hy die begin van die skepping van God is. Dit is deel van die getuienis: Jesus Christus het die skepping tot stand gebring op bevel van die Vader. Lees Johannes 1:1-4.

Jesus is dieselfde God wat die skepping begin het, en wat nou in die openbaring op Patmos vir Johannes wys hoe die aarde se geskiedenis tot 'n einde kom, en hoe die nuwe skepping tot stand kom.

Die diep saak wat in hierdie openbaring raakgesien moet word, is dat dit my en jou verlossingsgeskiedenis is wat hier oopgevou word. Ek en jy staan deur hierdie verlossing van ons Here Jesus in die volmaaktheid voor God se troon.

*Sing: Skrifberyming 18-3:7*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*